

Die effek van 'n groeigroepervaring op predikante

Vorige navorsing op die gebied van selfontwikkeling met predikante (Cilliers, 1989) rapporteer 'n beduidende verhoging in selfaktualisering en gepaardgaande gespreksvoeringsvaardighede by predikante, na blootstelling aan 'n relatiewe kort selfontwikkelingsprogram. Hieruit is aanbeveel dat blootstelling aan ongestruktureerde ervarings-leersituasies as deel van die predikant se voortgesette opleiding gebruik moet word, tot die verdieping van persoonlike, interpersoonlike en geestelike groei.

In ooreenstemming hiermee is die doel van hierdie ondersoek om te bepaal wat die effek van 'n vyfdaagse groeigroepervaring op 'n groep predikante se selfaktualisering, self- en godsdiensbelewenis is.

GROEIGROEP

In die sielkunde en sosiologie-literatuur word sedert die 1950's na groepe verwys as metode om persoonlikheids groei te stimuleer (Gillette & McCollom, 1990). Vandag word terapeutiese groepe beskou as 'n vorm van laboratorium-, sensitiviteits- en volwasse opleiding in 'n meer of minder gestruktureerde ervaringsleersituasie gekenmerk deur vertroue en aanvaarding. Die fokus is nie slegs op emosionele en gedragsteurnisse soos in 'n kliniese situasie nie, maar ook op hulle selfaktualisering soos van toepassing in die werksituasie (Corey & Corey, 1992:9; Plug et al. 1986). Die algemene doel is om aan die deelnemers 'n geleentheid beskikbaar te stel om kennis oor en insig in hulle eie persoonlikhede, interpersoonlike verhoudinge en groepdinamika te bekom. Voorbeelde van sulke groepe is -berading, -terapie, -voorligting, T-groepe, gestruktureerde, taak-, bewustheids-, selfhelp-, leierlose en persoonlike groeigroepe (vgl. Corey & Corey, 1992).

Vanweë sy relevansie is die **groeigroep** uit bogenoemde, vir doeleindes van hierdie ondersoek gekies (vgl. Corey & Corey, 1992; Esposito et al., 1975; Gibb, 1970:6-31; Gillette & McCollom, 1990; Hipple, 1976:407; Johnson & Johnson, 1982:439-459; Lieberman & Borman, 1979:241-243; Shaffer & Galinsky, 1974a:11; Trotzer, 1977:135-136). Die groeigroep het enersyds uit die groter klem op die aanleer van sosiale en interpersoonlike vaardighede in die groepspsigoterapie gegroei (Jones, 1972). Hierin word persoonlikheidsprobleme vanuit die mediese model en 'n basiese teoretiese uitgangspunt behandel deur onbewuste en verlede elemente in homogene groepe aan te spreek. Andersyds het die groeigroep uit die doelbewuste pogings van onder andere Kurt Lewin, Max Weber, Bion (1961; De Board, 1978:1-5), die humanisme, fenomenologie en die menslike potensiaalbeweging gegroei in 'n poging om persoonlikheidsontwikkeling in groepsverband te stimuleer. Hoewel die groeigroep selde van één teoretiese onderbou gebruik maak, word algemeen na die psilogiese groeiemodel of salutogenesie paradigma verwys (in plaas van patogenezis - Strümpfer, 1990).

Die groeigroep kan omskryf word as 'n ontwikkelingsgerigte, intense, gevoelsmatige,

ervaringsleer-situasie waarin relevante bewuste en voorbewuste materiaal in die hier-en-nou behandel word. Die groep bestaan uit minimum drie en maksimum 15 homo- of heterogeen saamgestelde, psigologies relatief-gesonde individue wat vir 'n enkele of reeks korttermyn aangesig-tot-aangesig ontmoetings byeenkom (Cohen & Smith, 1976:13-57; De Board, 1978:1-5; Johnson & Johnson 1982:446-447; Kanfer & Goldstein 1980:472-482, Kaplan & Sadock, 1972:4-6; Lakin 1972:144-146, 1985; Oomkes, 1980:19; Rogers, 1975:9-20; Shaffer & Galinsky, 1974b:3-6, 90-107; Shapiro, 1978:11; Shaw, 1981:5-7, 454; Trotzer 1977:10, 135-136; Verney, 1974:5-18; Von Mayer, 1970:24; Ware & Barr, 1977:93-100).

Die rasionaal van die groeigroep is volgens Polster en Polster (1973:23) dat die beginsels van "psigoterapie te goed is om tot siek mense beperk te wees – die normaal funksionerende individu kan ook daarby baatvind". Verder berus die groeigroep op die "groeideur-interpersoonlike-ervaring-beginsel" waarin die deelnemer leer om te leer, terwyl hy ervaar (Cilliers, 1984).

Die doel van die groeigroep is om 'n geleentheid vir die stimulering van selfaktualisering te fasiliteer in 'n lae-risiko-omgewing, deur middel van die groepsproses, interaksie, wedersydse betrokkenheid, selfopenbaring, gedragsterugvoering en beïnvloeding, terwyl die individu steeds sy eie identiteit behou. Meer spesifiek word die geleentheid aan die deelnemer gebied om van sy eie intra- en interpersoonlike gedrag in sy hier-en-nou lewensituasie bewus te word, dit te eksploreer, te evalueer en daarmee te eksperimenteer. Sodoende besluit hy op gepaste gedragsveranderinge en leer hy om verantwoordelikheid vir homself en sy gedrag (denke, gevoelens, aksies en interpersoonlike verhoudinge) te aanvaar. In die proses word sekere samelewingsnorme en taboes vergeet of omgedraai. So word taktvolheid met openlikheid vervang, goeie maniere met selfrespek, en verantwoordelikheid vir ander met nie-verbale ekspressie en onmiddellikheid.

In terme van die fasiliteerder van die groeigroep beklemtoon die literatuur (vgl. Corey & Corey, 1992; Gillette & McCollom, 1990) spesifieke kenmerke met verwysing na professionele opleiding, etiese oorweginge, persoonlikheidskenmerke en vaardighede. Professionele opleiding en etiek stem ooreen met dié aspekte in die opleiding van sielkundiges. Persoonlikheidskenmerke verwys samevattend na 'n hoë mate van selfaktualiseringsgedrag by die fasiliteerder as basis vir die stimulering van dieselfde groeiproses by groepslede. Sodoende word emosionele pyn by individue en kontraproduktiwiteit in die groep geminimaliseer. Vaardighede verwys na aandaggewing en respondering. Aandaggewing verwys na die fasiliteerder se luister na die individu en groep op 'n egte en respekvolle (aanvaardende) wyse. Respondering verwys na die terugvoering aan die individu en groep deur middel van die konkretisering van die individu of groep se ervaring in die mikrovaardighede van opsomming, inhouds- en gevoelsrefleksies. Sodoende betoon die fasiliteerder empatiese meelewing – die belangrikste kernkondisie vir persoonlikheids groei.

SELFAKTUALISERING

Die konsep word enersyds beskou as die hoogste vlak van behoeftebevrediging (Maslow, 1954) en andersyds as die unieke groeiproses na die verwesenliking van talente, vermoëns, potensiaal en uiteindelik persoonlikheidsintegrasie en optimale psigologiese funksionering (Rogers 1975). Hierdie optimaliseringsproses word in die literatuur verskillend benaam. In die psigodinamiese raamwerk word verwys na individualisering (Jung, 1975), superioriteit (Adler, 1963), selfrealisering (Horney, 1957) en emosionele integrasie (Erikson, 1980). Die humanisties-eksistensiële persoonlikheidsbenadering verwys na volwassenheid (Allport, 1970), produktiwiteit (Fromm, 1956), tenvolle-funksionering (Rogers, 1973; 1975) en self-

transendering (Frankl, 1967). Die transaksionele analise verwys na wennergedrag (Berne, 1961; 1964) en die sisteembenadering na integrasie (Seeman, 1989). Die relatief nuwe salutogenes paradigma verwys na koherensie (Antonovsky, 1984), die geharde persoonlikheid (Kobassa, 1982), potensie, stamina en aangeleerde vindingrykheid (Strümpfer, 1990).

Ten spyte van eensydige en subjektiewe individuele omskrywings, bestaan daar 'n gemeenskaplikheid in die konseptualisering van psigologiese optimaliteit as meer as bloot die afwesigheid van patologie. Dit word naamlik beskou as 'n transenderende welstand en totaliteit in die psige (Clinebell, 1981; Coleman, 1972; Jourard & Landsman, 1980), en gedefinieer as 'n natuurlike, dinamiese en kreatiewe groeiproses, waarin die individu met 'n groterwordende besef van sy verantwoordelikheid, deur selfdefiniëring en die optimalisering van fisiese, psigiese en geestelike potensiale tot 'n unieke eenheidsbeleving ontwikkel, en homself in sy werk, sy interpersoonlike relasies, en in sy verhouding tot God, transendeer (Cilliers, 1984).

Die veelvuldige, sistemies-interafhanklike en harmonieuse (Seeman, 1989) kenmerke van selfaktualisering word vanuit die groeipsigologie-literatuur (Clinebell, 1981; Schultz, 1977) vir operasionaliseringsdoeleindes tussen die intra- en interpersoonlike verdeel (Shostrom, 1976; Walsh & Shapiro, 1983). Daar word geteoretiseer dat die interpersoonlike kenmerke uit die intrapersoonlike vloei, en dat albei werksprestasie (vgl. Boelen, 1978; Huizinga, 1970; Hurlock, 1974; Jahoda, 1958; Moustakas, 1977; Wolberg & Kildahl, 1970) en godsdienstebeleving beïnvloed (Jonker, 1965).

Die intrapersoonlike kenmerke is (kognitief) objektiewe en rasionele denke en redenering; (affektief) openheid, bewustheid en sensitiwiteit vir eie emosies, gevoelens en behoeftes, aanvaarding van volle verantwoordelikheid hiervoor, emosionele selfstandigheid, selfrespek en -aanvaarding; (konatief) selfrigtinggewing vanuit 'n interne lokus van kontrole en vryheid van keuse. Interpersoonlik word daar (vanuit selfaanvaarding) verwys na 'n optimistiese en onvoorwaardelike aanvaarding van en respek teenoor ander mense, 'n voorkeur vir kwantitatief minder interpersoonlike kontak maar kwalitatief meer intieme, dieper en rykbelonende relasies gekenmerk deur verantwoordelike, spontane, openlike, egte optrede volgens eie gevoelens, maar ook sensitief, empaties, konsidererend en in broederlike liefde teenoor andere. Die teenwoordigheid van hierdie gedrag in die eerste persoon in die interaksie werk verrykend en groeifasiliterend op die gedrag van die tweede persoon in. Die saamvallende werkskenmerke verwys na 'n volle betrokkenheid, verantwoordelikebesef, optimale tydsbenutting en kreatiwiteit. Die persoon se bestuurstyl is gekoppel aan humanistiese waardes soos in die skep van outentieke werksrelasies (Argyris, 1962) en respekvolle delegering in 'n psigologies-veilige klimaat waarin die ondergeskikte toegelaat word om sy potensiaal te ontwikkel. Godsdienstebeleving verwys na 'n allesomvattende, intense geloof in en liefde teenoor God en die blymoedige uitlewing van Sy woord (Jonker, 1965).

METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoekgroep

Die groep het uit 25 predikante van dieselfde kerkgenootskap bestaan.

Die meetinstrumente

Die volgende metingsbattery is ooreenkomstig die kernkonsepte van die ondersoek – selfaktualisering, self- en godsdienstebeleving – saamgestel:

- Vir die meting van selfaktualisering is die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) van Shostrom (1974; 1976:33-35; Knapp 1976:2-7) gekies as 'n kwantitatiewe meting van die 12 hoofkenmerke. Cilliers (1984) rapporteer hoë betroubaarheids- en geldigheidstellings vir die POI in die meting van hierdie selfaktualiseringskenmerke.
- Vir die meting van self- en godsdiensbelewenis is (by gebrek aan gestandaardiseerde psigometriese instrumente vir hierdie konstrakte) 'n Selfrapporteringsvraelys saamgestel. Dit behels 'n kwalitatiewe meting op grond van fenomenologiese beginsels van die deelnemer se ervaring, in die vorm van twee vrae wat skriftelik beantwoord word:

Vraag 1. **SELFBELEWENIS.** Formuleer jou persoonlike getuienis oor jou beleving van JOUSELF tydens die afgelope week se groeigroepervaring.

Vraag 2. **GODSDIENSBELEWENIS.** Formuleer jou persoonlike getuienis oor jou belewenis van JOU GODSDIENS tydens die afgelope week se groeigroepervaring.

Die groeigroepervaring

Die ervaring het 5 dae geduur en uit drie modules bestaan.

Module 1. Teoretiese agtergrond (4 ure). Die konsep selfaktualisering, die intra- en interpersoonlike kenmerke daarvan (soos bo genoem) en die Joharivenstermodel (vgl. Porter & Mohr, 1982) met die aktiwiteite selfopenbaring en gedragsterugvoering as voorbeeld ter stimulering van selfaktualisering, is bespreek.

Module 2. Groepwerk (36 ure). Die totale groep is in twee subgroepe verdeel (N1 = 12, N2 = 13). Aan elkeen is 'n sielkundige, wat opgelei is in Rogeriaanse groeigroepetegnologie, as fasiliteerder toegewys. Die fasiliteerders het daagliks geroteer. Die groeigroepe het op die middag van die tweede dag begin en tot die vyfde dag geduur.

Module 3. Bybelstudie. Saans is 'n ope en vrywillige geleentheid aangebied om individueel of in groepe Bybelstudie te doen.

Die navorsingsprosedure

Aanvanklik is die POI op die proefpersone afgeneem en module I is aangebied. Hierna het module 2 bedags en module 3 saans aan die beurt gekom. Aan die einde van die vyfde dag is die POI-afname herhaal en die Selfrapporteringsvraelys afgeneem.

Die POI is nagesien en statistiese beduidendheid van verskille tussen voor- en na-tellings (t-toetse) is met behulp van die SAS-rekenaarprogram (SAS-Institute, 1985) bereken. Die Selfrapporteringsvraelys-response is kwalitatief geïnterpreteer.

RESULTATE

Die kwantitatiewe POI-resultate word in tabel 1 aangedui. Hieruit blyk dit dat die groeigroepervaring die volgende selfaktualiseringskenmerke by die deelnemers gestimuleer het: **tydsbevoegdheid** gekenmerk deur 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervaringe uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan – dit wil sê 'n afname van leef in die verlede (soos bv. om 'n slagoffer daarvan te voel of skuldgevoelens te hê) asook die toekoms; **innergerigtheid** wat dui op besluitneming vanuit geïnternaliseerde beginsels en motivering, onafhanklike en outonome gedrag; lewe ooreenkomstig **selfaktualiseringswaardes**; **eksistensialiteit** wat dui op buigsamheid in die toepassing van waardes; **gevoelsreaksie** wat verwys na sensitiwiteit teenoor eie behoeftes en gevoelens; **spontaneïteit** in die uitleef van gevoelens deur aksie; **selfagting**, eiewaarde en positiewe gevoelens teenoor die self; **selfaanvaarding** op grond van eie sterkte as persoon en

ten spyte van swakhede; **sinergie** wat dui op die transending van “teenoorgesteldes” (bv. goed/sleg, manlike/vroulike sosiale rolle) en die aanvaarding daarvan as betekenisvol in verband met mekaar eerder as antagonisties; **aanvaarding (eining) van aggressie** en woede in die self as natuurlik; en **kapasiteit vir intieme kontak** omskryf as die vermoë om betekenisvolle interpersoonlike verhoudinge sonder verwagtinge en verpligtinge te ontwikkel.

TABEL 1 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN VOOR EN NA POI-TELLINGS

POI-SKAAL	VOORMETING		NAMETING		T-WAARDE
	X	S	X	S	
1. Tydsbevoegdheid	16,61	02,62	18,92	02,07	0,0009 *
2. Innergerigheidheid	77,57	09,70	93,69	11,03	0,0001 *
3. Selfaktualiseringswaardes	18,69	02,13	20,80	02,57	0,0022 *
4. Eksistensialiteit	17,92	03,03	22,69	04,72	0,0001 *
5. Gevoelsreaksie	13,42	02,81	17,80	02,74	0,0001 *
6. Spontaneiteit	11,61	02,15	14,15	02,20	0,0001 *
7. Selfagting	11,57	01,92	13,11	01,27	0,0013 *
8. Selfaanvaarding	13,80	03,37	18,30	03,42	0,0001 *
9. Mensbeskouing	10,03	01,58	10,69	01,76	0,1658
10. Sinergie	06,73	01,11	07,84	01,00	0,0004 *
11. Aanvaarding van aggressie	15,50	03,88	18,42	03,10	0,0042 *
12. Kapasiteit vir intieme kontak	17,07	04,23	21,23	03,87	0,0005 *

* $P < 0,01$

Die kwalitatiewe Selfrapporteringsvraelys-response word as bylae aangeheg. In bylaag 1 word die verbatimresponse van die 25 deelnemers op vraag 1 gelys, en in bylaag 2, die verbatimresponse op vraag 2.

Bespreking van die resultate

Die verkreë resultate word vervolgens op geïntegreerde wyse vir die kwantitatiewe en kwalitatiewe data bespreek. Dit verwys na algemene bevindinge, kognitiewe, affektiewe, waardes, konatiewe, interpersoonlike gedrag en godsdiensbelewenis.

Algemeen. Die deelnemers getuig dat hulle “lekker” en “seer” beleef het. Eersgenoemde verwys daarna dat hulle baie oor hulleself geleer het, groei ervaar het en meer van hulle ware self ontdek het. Dit is asof die groep bewus geword het van die onnatuurlike rolle (“games”) wat hulle speel. Die “seer” verwys daarna om die bekende, ontoepaslike rolle te staak. Een respondent verwys daarna dat hy “geslyp” is en ’n ander dat hy depressief was. Die algemene kommentaar is dat daar hoop vir die eksperimentering met die nuwe, meer egte gedrag is. Bogenoemde “lekker” en “seer” hou verband met die beduidende toename in sinergie (vgl. POI-skaal 10). Hiervolgens is die deelnemers geneig om teenoorgesteldes (bv. lekker/seer, goed/sleg) beter te transendeer en betekenisvol in verband met mekaar te ervaar. Een respondent verwys daarna dat hy na afloop van die ervaring “meer positief teenoor sielkundiges is” en dit kom voor asof hy nou meer in staat sal wees om self van hierdie “sielkundige” vaardighede te gebruik, soos luister en refleksie. Dit mag selfs

betekende dat hy bereid is om sy eie projeksies na sielkundiges te eien en sodoende homself te "empower", in plaas daarvan om sielkundiges as simbole van bedreiging te ervaar.

Kognitief. Die deelnemers getuig van 'n beter begrip vir en verstaan van hulleself. Daar word ook verwys na meer insig in die fasilitering van persoonlike groei in die self én by ander, asook die proses van optimale funksionering.

Affektief. Die deelnemers funksioneer meer tydeffektief (vgl. POI-skaal 1) – dit wil sê hulle is op 'n meer realistiese wyse bewus van wat in die hede gebeur. In dié situasie rapporteer die deelnemers 'n groter bewustheid en sensitiwiteit vir hulle eie gevoelens en emosies wat hulle as nuut, opwindend, gemaklik en dinamies beskryf. Dit kom voor asof die deelnemers die "sagter" gevoelskant van menswees as minder bedreigend ervaar (vgl. POI-skaal 5). Die vryheid en spontaneïteit (vgl. POI-skaal 6) om dit in die groeigroep "uit te graawe" en deur te praat het 'n rustigheid en vrede met die self gebring, wat weer lei tot groter aanvaarding van die self. Dit sluit direk aan by die verhoging in selfgting en -aanvaarding (vgl. POI-skaal 7 en 8), waarby pynlike gevoelens soos woede en aggressie ingesluit is (vgl. POI-skaal 11). Die resultaat hiervan is groter selfvertroue, selfiefde en 'n meer egte "laat wees" van gevoelens sonder om rolle te speel. Een respons verwys spesifiek daarna dat gevoelens minder deur die intellek gefilter hoef te word.

Waardes. Die deelnemers verwys na toenemende behoeftes aan selfkontak, om in vrede met die self te lewe, om die toekoms met hoop tegemoet te gaan, om 'n emosionele ondersteuningsstelsel te hê en om kwaliteit verhoudinge met andere te kan handhaaf. Dit stem ooreen met die beduidende toename in gedrag volgens selfaktualiseringswaardes (vgl. POI-skaal 3).

Konatiëf. Hier word verwys na die besef dat elkeen beperkinge op homself lê. Sodoende kan hy sy eie probleme eien, meer vanuit sy eie interne motivering optree en minder volgens wat hy dink andere van hom verwag. Dit lei tot hoop en lewenslustigheid. Hierdie gedrag word bevestig deur die statistiese beduidende toename in innergerigtheid (vgl. POI-skaal 2). Dit dui op 'n afname in afhanklikheid van ander se opinies en 'n toename in geloof in eie beginsels en waardes. Indien geredeneer word dat die persoon se Godsbeleving geïnternaliseer word, is hier ook sprake van 'n groter staatmaak op die boodskap van God wat van binne kom.

Interpersoonlik. Die deelnemers getuig eerstens van **respek** teenoor ander mense – dit wil sê om hulle te aanvaar vir wie en wat hulle is, hulle toe te laat om te voel wat hulle voel, en om in konsiderasie hiervoor te luister na presies wat die persoon sê (in plaas daarvan om verantwoordelikheid vir ander se idees, waardes, gevoelens en aksies te aanvaar en eie idees en aksies op hulle af te dwing of voor te skryf). Tweedens noem die deelnemers dat hulle hulle gevoelens makliker met ander kan deel én in die proses iets "wen" (in plaas van te vrees dat iets verloor gaan word). Hierdie groter mate van **egtheid** (openlikheid, eerlikheid, minder "rolle speel ook in my gesinslewe") is die resultaat van eie selfvertroue wat vertroue in ander fasiliteer. Derdens verwys die deelnemers daarna dat hulle (deur selfkontak) kontak gemaak het met ander se gevoelens, sonder om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Die vaardighede hier ter sprake is respekvolle en objektiewe luister na en reflektering van die ander persoon se ervaring. Hierdie egtheid word ondersteun deur die beduidende toename in die aanvaarding van eie aggressiwiteit as natuurlik en 'n afname in verdediging hierteen, soos byvoorbeeld om dit te ontken of te verdring. Hierdie **empatiëse meelewing** lei daartoe dat die kwaliteit van die verhouding verhoog tot iets betekenisvol en hulpverlenend. Saam hiermee verwys een respondent daarna dat die ontvang van eerlike "negatiewe" terugvoering ook nou ervaar word as "OK" (sonder dat dit as pynlik of 'n dwang tot verandering ervaar word). Bogenoemde respek, egtheid en empatiëse meelewing

word ondersteun deur die toename in die vermoë tot betekenisvolle, intieme en gevoelsmatige interpersoonlike kontak sonder verwagtinge en verpligtinge (vgl. POI-skaal 12).

Godsdiensbeleving. Hieroor word getuig van 'n egte ontmoeting met God, 'n meer intense bewustheid van Sy alomteenwoordigheid en die werking van die Heilige Gees – “ek moet net vertrou”. Dit hou verband met die toename in 'n hier-en-nou-tydsbeleving (vgl. POI-skaal 1) – dit wil sê die proefpersoon konsentreer toenemend primêr op sy ervaring van die hede en minder op die verlede en toekoms. Hierdie geloofsgroei lei tot 'n vars verstaan van God, die self en ander, en 'n vrymoedigheid – dat Hy “sonder vrese” liefgehe kan word en dat Hy “my reeds aanvaar en liefhet”. Hierdeur versterk die kwaliteit van die verhouding gekenmerk deur verdieping, warmte, verwondering, dankbaarheid, erkenning vir Sy werk, gebedsverdieping en die ervaring van Bybellees as “God praat met my”.

Volgens die response word hierdie hoër kwaliteit kontak met God as die uitvloeisel van die Heilige Gees se werk in die self ervaar – groter bewustheid van Godgeskape gevoelens en emosies, selfkontak, -insig, -aanvaarding, -bevryding en -waarde. Een respondēt beskryf die verband as “oneerlikheid in myself lei tot oneerlikheid teenoor God”. Die effek hiervan is dankbaarheid teenoor God en gevoelens van gelukkigheid, tevredenheid, rustigheid en hoop. Verskeie response verwys na die afname in angs, skuldgevoelens, rigiditeit en formalisme. Laasgenoemde twee kenmerke sluit direk aan by die beduidende toename in buigsamheid in die toepassing van waardes (vgl. POI-skaal 4). Die opmerking word gemaak dat hierdie alles kenmerke is “wat God van my verwag omdat Hy my liefhet en as waardevol beskou”. Bogenoemde afname in rigiditeit word bevestig in die groter buigsamheid in die toepassing van waardes – dit wil sê die deelnemer sal meer geneig wees om vanuit eie ware of situasionele oorwegings te reageer, en minder vanuit rigiede, ontoepaslike waardes (vgl. POI-skaal 4).

Verskeie deelnemers noem dat bogenoemde ervarings deurwerk na hulle interpersoonlike verhoudinge. Hoewel daar by die afname van die vraelys as deel van die groeigroepervaring, nog geen geleentheid was om nuwe interpersoonlike gedrag in werksomstandighede te openbaar nie, word die volgende ge-antisipeer: 'n groter bewustheid van God se werk in ander mense en 'n vars mensbeskouing wat hierdie goedheid in die mens raaksien; 'n poging om ander te vertrou en hulle geloof te aanvaar in plaas van te evalueer – “die Here weet alles daarvan en aanvaar hulle as mense”; 'n intense ervaring van die gemeenskap van die heiliges; die vryheid en behoefte om eie Gods- en geloofsbewustheid, geloofsbehoefes en -gevoelens teenoor andere uit te spreek en sodoende “deur my emosies, ander tot God bring”.

SAMEVATTING

Dit blyk dat die groeigroepervaring deur die groep predikante as aangenaam en groeiivol ervaar is. Hierin het hulle selfaktualiseringskenmerke verhoog veral met betrekking tot beter begrip vir die self, gevoelsensitiwiteit, selfrespek en die aanvaarding van eie verantwoordelikheid, interne lokus van kontrole en interpersoonlike sensitiwiteit gekenmerk deur respek en egte, empatiese kommunikasie. Die predikante rapporteer 'n groter bewustheid van God se teenwoordigheid in hulleself en hulle omgewing, en geloofsgroei. Die meer intense verhouding met God word as fasiliterend in die bediening van die Woord aan ander ervaar.

Kritiek teen die ondersoek hou verband met die metodologiese gebreke aan 'n kontrolegroep en herevaluering van die gedragskenmerke oor tyd. Dit hou in dat daar nog nie sekerheid bestaan of die gedragsverandering by die predikant permanent is nie. 'n Lengtestudie met opvolgende groeigroepe sal lig hierop kan werp.

AANBEVELINGS

Uit die verkreeë resultate word aanbeveel dat groeigroepe as deel van die predikant se voortgesette opleiding op 'n wyer vlak gebruik word. Dit sluit aan by die beskouing in die teologiese literatuur oor die dinamika in die persoonlikheid van die predikant en in sy rol (Jonker, 1965). Die effek van sodanige groeigroepe sal daartoe kan bydra dat die predikant met meer selfgeldig optree (vgl. Augsburg, 1979), asook sy eie stres en uitbranding meer effektief sal kan hanteer (vgl. Boyd, 1982; Odendal & Van Wyk 1988). Verder kan die predikant in sy rol as hulpverlener, berader en voorligter (vgl. Adams, 1973, 1974; Heitink, 1984; Smuts, 1969, 1986) meer in staat wees tot omgee (vgl. Capps, 1979; Van Niekerk, 1983), luister (vgl. Schoeman, 1985) en empatie (vgl. Underwood, 1985).

BRONNELYS

- Adams, J.E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Nutley: Presbyterian & Reformed Publishing Co.
- Adams, J.E. 1974. *The Christian counselor's casebook*. Nutley: Presbyterian & Reformed publishing Co.
- Adler, A. 1963. *The man and his work. Triumph over the inferiority complex*. New York: Mentor Books.
- Allport, W.G. 1970. *Pattern and growth in personality*. London: Holt, Rinehart & Winston.
- Antonovsky, A. 1984. A call for a new question – Salutogenesis – and a proposed answer – the sense of coherence. *Journal of preventive psychiatry*. 2(1), 1-13.
- Argyris, C. 1962. *Interpersonal competence and organizational effectiveness*. Illinois: Richard D. Irwin.
- Augsburger, D.W. 1979. *Anger and assertiveness in pastoral care*. Philadelphia: Fortress.
- Berne, E. 1961. *Transactional analysis in psychotherapy*. New York: Ballantine.
- Berne, E. 1964. *Games people play*. London: Penguin.
- Bion, W.R. 1961 *Experiences in groups*. New York: Ballantine.
- Boelen, B.J. 1978. *Personal Maturity – the existential dimension*. New York: Seabury Press.
- Boyd, D.P. 1982. Stress diagnosis and clerical careers. *Journal of pastoral counseling*. 17:(61-68).
- Brekke, M.L., Strommen, M.P. & Williams, D.L. 1979. *Ten faces of ministry*. Minneapolis: Augsburg Publishing.
- Capps, D. 1979. *Pastoral care: a thematic approach*. Philadelphia: Westminster press.
- Cilliers, F.V.N. 1984. 'n Ontwikkelingsprogram in sensiewe relasievorming as bestuursdimensie. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Phil.) – PU vir CHO.)
- Cilliers, F.V.N. 1989. 'n Selfontwikkelingsprogram vir predikante. *NG Teologiese Tydskrif*. XXX(3):346-352, Julie.
- Clinebell, H. 1981. *Contemporary growth therapies*. Nashville: Abington.
- Cohen, A.M. & Smith, R.D. 1976. *The critical incident in growth groups: theory and techniques*. San Diego: University Associates.
- Coleman, J.C. 1972. *Abnormal psychology and modern life*. Glenview: Scott, Foresman & Co.
- Corey, M.S. & COREY, G. 1992. *Groups. Process and practice*. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- De Board, R. 1978. *The psychoanalysis of organizations*. London: Tavistock.
- Erikson, E.H. 1980. *Identity and the life cycle*. New York: W.W. Norton.
- Frankl, V.E. 1967. *Psychotherapy and existentialism*. London: Souvenir.
- Fromm, E. 1956. *The art of loving*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Esposito, R.P., Mcadoo, H. & Scher, L. 1975. The Johari-window as an evaluative instrument for group process. *International development*. 6:25-37.
- Gibb, J.R. 1970. Sensitivity training as a medium for personal growth and improved interpersonal relationships. *Interpersonal development*. 1:6-31.

- Gillette, J. & Mccollom, M. 1990. *Groups in context*. Reading: Addison-Wesley.
- Heitink, G. 1984. *Pastoraat als hulpverlening*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J H Kok.
- Hipple, J.L. 1976. Effects of differential human relations laboratory designs on personal growth. *Small group behaviour*. 7(4):407-422, Nov.
- Horney, K. 1957. *Our inner conflicts*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Huizinga, G. 1970. *Maslow's need hierarchy in the work situation*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Hurlock, E.B. 1974. *Personality development*. New York: McGraw-Hill.
- Jahoda, M. 1958. *Current concepts of positive mental health*. New York: Basic Books.
- Johnson, D.W. & JOHNSON, F.P. 1982. *Joining together*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Jones, J.E. 1972. Types of growth groups. The 1972 annual handbook for group facilitators. La Jolla: University Associates: 145-151.
- Jonker, J.P.L. 1965. *Persoonlikheidsdinamiek in die pastoraat*. Stellenbosch. (Proefskrif (D. Teologie) – US.)
- Jourard, S.M. & Landsman, T. 1980. *Healthy personality*. New York : MacMillan.
- Jung, C.G. 1975. *Memories Dreams Reflections*. London: Collins Fontana.
- Kanfer, F.H. & Goldstein, A.P. 1980. *Helping people change*. New York: Pergamon.
- Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. 1972. *New models for group therapy*. New York: Jason Aronson.
- Knapp, R.R. 1976. *Handbook for the personal orientation inventory*. San Diego: Edits.
- Kobasa, S.C. 1982. The hardy personality: Toward a social psychology of stress and health. In G.S. Sanders & J. Suls (Eds), *Social psychology of health and illness*. Hillsdale: Erlbaum.
- Lakin, M. 1972. *Interpersonal encounter: theory and practice in sensitivity training*. New York: McGraw-Hill.
- Lakin, M. 1985. *The helping group. Therapeutic principles and issues*. Reading: Addison Wesley
- Lieberman, M & Borman, L.D. 1979. *Self-help groups for coping with crises*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Maslow, A.H. 1954. *Motivation and Personality*. New York: Harper.
- Moustakas, C.E. 1977. *Creative life*. New York: Von Nostrand.
- Odendal, F.J. & Van Wyk, J.D. 1988. Die taksering van die sindroom uitbranding. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Sielkunde*. 18(2), Junie, 41-49.
- Oomkes, F.R. 1980. *Handboek voor gesprekstaining*. Meppel: Boom.
- Polster, E. & POLSTER, M. 1973. *Gestalt therapy integrated*. New York: Brunner/Mazel.
- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws L.A. 1986. *Psigologiesoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Porter, L. & Mohr, B. 1982. *Reading book for human relations training*. Alexandria: NTL Institute.
- Rogers, C.R. 1973. *Client-centered therapy*. London: Constable.
- Rogers, C.R. 1975. *On becoming a person: A therapist's view of psychotherapy*. London: Constable.
- Roscam Abbing, P.J. 1980. *Predikantswerk*. s'Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.
- SAS Institute. 1985. *SAS user's guide: statistics, version 5 edition*. Cary: SAS Institute Inc.
- Schoeman, E. 1985. Die aspek van luister in die pastorale gesprek. Pretoria. (Skripsie (Nagraadse diploma in teologie) – UP.)
- Schultz, D. 1977. *Growth psychology*. New York: Van Nostrand.
- Seeman, J. 1989. Toward a model of positive health. *American Psychologist*. 44(8), 1099-1109.
- Shaffer, J.B.P. & Galinsky, M.D. 1974a. *Models of group therapy and sensitivity training*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Shaffer, J.B.P. & Galinsky, M.D. 1974b. *Models of sensitivity training*. New Jersey: Prentice-Hall.
- Shapiro, J.L. 1978. *Methods of group psychotherapy and encounter*. Illinois: Peacock Itasca.
- Shaw, M.E. 1981. *Group dynamics: the psychology of small group behaviour*. New York: McGraw-Hill.
- Shostrom, E.L. 1974. *Manual of the personal orientation inventory*. San Diego: Edits.
- Shostrom, E.L. 1976. *Actualizing therapy*. San Diego: Edits.
- Smuts, A.J. 1969. Die pastorale gespreksvoering. Pretoria. (Proefskrif (D.Divinitatis) – UP.)
- Smuts, A.J. 1986. Die predikant as ampsdraer en mens. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

- Smuts, A.J. 1987. Die evaluering en begeleiding van teologiese studente. *NG Teologiese tydskrif*. 28(4):243-253.
- Strümfer, D. 1990. Salutogenesis – a new paradigm. *South African Journal of psychology*. 20(4), 265-276.
- Trotzer, J.P. 1977. *The counselor and the group: Integrating theory, training and practice*. Monterey: Brooks/Cole.
- Underwood, R.L. 1985. *Empathy and confrontation in pastoral care*. Philadelphia: Fortress Press.
- Van Niekerk, E.L. 1983. Die rol van luister in die pastorale gesprek. *Ned. Geref. Teologiese tydskrif*. 24(3):331-337.
- Verney, T.R. 1974. *Inside groups*. New York: McGraw-Hill.
- Von Mayer, B. 1970. An evaluation of sensitivity training. *Johannesburg. (Proefskrif (D.Phil.) – Univ. van Witwatersrand.)*
- Walsh, R. & Shapiro, D.H. 1983. *Beyond health and normality*. New York: Von Nostrand Reinhold.
- Ware, J.R. & Barr, J.E. 1977. Effects of a nine-week structured and unstructured group experience on measures of self-concept and selfactualization. *Small group behaviour*. 8(1):93-100.
- Wolberg, L.R. & Kildahl, J.P. 1970. *The dynamics of personality*. New York: Grune & Stratton.

BYLAAG 1 SELFBELEWENIS

1. Alle beperkinge word deur die mens op homself gelê. Ek het geleer hoe om my probleme te hanteer d.m.v. probleemienaarskap.
2. Ek het baie geleer – dat ek myself nou met gemak toelaat om te voel hoe ek wil. Ek kan iemand anders toelaat om te voel soos hy wil. Ek kan nou vir die eerste keer 'n betekenisvolle gesprek, waar die ander werklik in ag geneem word, voer.
3. Ek het bewus geword van sekere emosionele werkinge wat ek van tevore nooit geken het nie. Aan die anderkant kan ek nou my gevoelens aanvaar en nie altyd net die positiewe gevoelens laat uitkom en die negatiewe gevoelens probeer onderdruk nie. Ek het baie meer rustigheid in myself en sien uit na die lewe vorentoe. Dit voel vir my asof ek hierdie week baie geslyp is en gelei is om myself beter te verstaan en met rus en vrede voort te gaan.
4. Ek het meer in voeling met myself gekom (sensitief vir my eie gevoelens). Ek voel bevry van die rol wat ek gespeel het en wat vir my baie swaar was.
5. Ek het 'n groot klomp groei ervaar. Ek het hier aangekom in “'n gat” van depressie, en stelselmatig kon ek daaruit kom. Ek voel beter oor myself – of beter gestel, ek voel weer myself. Ek het meer lus vir die lewe en hoop vir die toekoms.
6. Die belangrikheid van respek vir ander, dat ek mense nog soms wil “dwing” om my standpunt (waardes) te aanvaar. Dat ek *beter* kan help deur *nog meer* net te luister en nie voor te skryf nie.
7. Ek het myself baie beter leer ken – is baie meer in voeling met my emosies. Ek aanvaar nie meer verantwoordelikheid vir ander nie. Ek aanvaar ander nou binne hulle raamwerk – ek wil nie myself op hulle afdwing nie.
8. Ek het gegroei in terme van vertrouwen en openlikheid in die groep – ook aanvaarding van eie emosies en toelating daarvan.
9. Ek het in voeling met myself gekom. Ek is geleer om eerlike selfopenbaring na vore te bring en bereid te wees om te groei.
10. Ek het ontsettend baie van myself geleer. Dit was seer maar tog lekker om te kan weet

dat hier binne tog iemand is wat ek regtig graag wil wees. Tog voel ek bang, dat ek hom dalk weer kan verloor as ek nie BAIE HARD gaan werk om hom ek te maak nie. (ek gaan hard daaraan werk.) Ek kom nou eers agter hoe lekker dit voel om my gevoelens te kan voel – werklik voel.

11. Ek verstaan nou baie beter wat optimaal beteken en ek voel dat ek alreeds baie gegroei het gedurende die kursus, asook die gevoel van sekerheid dat dit in die toekoms al meer gaan gebeur. (Baie dankie vir die hulp om dit te kan beleef.)
12. Ek het geweldig baie van myself agtergekom. Onder andere dat ek ook maar met rolspel besig is, veral in my gesinslewe. Maar dis so bevrydend want ek is oortuig ek kan daaraan gaan werk, en ek voel aan ek weet nou ook hoe. Dit maak my opgewonde. Ek is nou meer in voeling met myself, en wat ek voel is goed.
13. Ek het weer ingevoel met myself – die ek wat ek is. Ek voel dat daar baie dinge is in myself wat ek geleer het waarmee ek makliker kan saamleef en vrede maak.
14. Ek het vir die eerste keer in my 29-jarige lewe kontak gemaak met my eie emosies en ook empatie beleef met ander se emosies.
15. Geweldige nuwe insigte rondom fasiliteringvaardighede. Nuwe begrip vir myself en baie dinge wat ek doen en wat ek nie kon verstaan nie. Verlies (afgaa) van 'n groot stuk vrees vir myself en eie gevoelens. Groter aanvaarding en liefde vir myself. Groot verdieping in my bewuswees van ander mense en hulle gevoelens wat my nader aan hulle getrek het. Ek is seker dat ek regtig beweeg het in die rigting van optimaal.
16. Ek het 'n redelike negatiewe konnotasie aan sielkundiges ('n veralgemening) geheg, gesien in die lig van resultate bereik by lidmate wat na hulle verwys is. Talle voorbeelde van “vergeet jou godsdiens” het al na my teruggekom. Sensitiwiteitsopleiding het my persepsie van ('n deel) van sielkundiges verander. Uiteindelik gaan dit steeds oor die verhouding God – naaste. My hoop is dat almal daar sal uitkom.
17. Ek het meer in voeling met my eie emosies gekom. Van waarde was dat ek ook kon ervaar (leer) om my emosies aan ander deur te gee. Dit was tot dusver 'n beperking. 'n A-ha moment was om te leer dat ek nie ander se probleme/gevoelens my verantwoordelikheid moet maak nie. Ek kan wel respek hê vir hulle gevoelens.
18. Ek het geleer dat ek met myself in voeling moet kom. Ek moet weet wat ek voel en beleef, sodat ek beter met ander kan saamleef. Ek het geleer dat ander mense ook net so “voel” soos ek. Ek het veral gaan grawe en agtergekom wat ek voel en dit was 'n groot verligting – die hemel het nie geval nie. Ek het gegroei!
19. Ek het geleer om myself te wees, maar ook ander se gevoelens in ag te neem, om te luister as iemand praat en nie my idees af te dwing nie. Dit het my ook geleer dat ek ook 'n emosie het en daarna moet luister om myself nie te moor nie. Ook dat ek nie alleen staan nie.
20. Ek het geleer dat baie van dié dinge wat ek dink, ander van my dink, slegs iets is wat ek oor myself ervaar nog nie verwerk het nie. Ek het ook beleef dat die ware ek vir ander OK is, en dat ek net in voeling met myself moet kom.
21. Sielkundig glo ek dat ek baie gegroei het en ek is dankbaar daarvoor. Ek is vir myself meer aanvaarbaar.
22. Ek het geleer dat ek in voeling moet wees met my eie gevoelens. Ek moet eerlik wees met myself in die verband. My kognitiewe funksionering het so 'n sterk filter geword, dat ek net “toelaatbare” gevoelens openbaar. Hierteen gaan ek werk.
23. Ek was vooraf skepties/bang vir die “sielkunde” omdat ek gehoor het dat – veral op so 'n kursus – moet jy jouself ontbloot en dat iemand byvoorbeeld vir jou sê, ek is met jou geïrriteerd. Wat ek toe ervaar het was 'n verrassing – 'n persoon kan nou maar vir my sê

- ek irriteer hom en enige ander negatiewe emosies en dit is reg met my. Negatiewe emosies was vir my 'n probleem. Ek kan vir myself ruimte gee en ook vir ander. Dit is vir my 'n nuwe maar lekker ervaring.
24. Al het ek dit geweet, het ek weer *moed* gekry om myself te wees en my negatiewe gevoelens, veral vs. mense naby my, te wys.
 25. Ek het baie geleer van selfaanvaarding en toe-eiening van gevoelens. Beter perspektief op selfrealisering (dat dit nie noodwendig verwaandheid is nie.) Ek het baie energie omdat ek hoop het op groter vrede met myself en ander. Ek leer dat daar plek is vir my – ek irriteer nie noodwendig deur myself te wees nie.

BYLAAG 2 GODSDIENSBELEWENIS

1. Ek het geleer om God te sien werk in ander mense sowel as myself.
2. Geloofsgroei.
3. Ek is dankbaar teenoor God vir hierdie geleentheid wat ek kon benut het. My verhouding met God het geweldig gegroei.
4. Ek voel vol van die Heilige Gees en gelukkig en tevrede.
5. Dit was heerlik om vir 'n week lank God se teenwoordigheid te ervaar. In sy woord het ek nuwe perspektiewe ontdek, wat bydra tot die hoop wat ek vir die toekoms het. Dis lekker om te lewe!
6. Besef dat God my as waardevol beskou en dat ek daarom ook myself as waardevol moet beskou. Dit beteken dat my persoonlike behoeftes wettig is (pers. tyd/rus/ontspanning) en dat ek dit mag uitspreek en neem ook teenoor vrou en kinders. Dat dit gehoorsaamheid is as ek dit doen. Dankbaarheid en verwondering oor God se teenwoordigheid wat ek kan beleef en dat soveel wat sê hulle het nog net daarvan gehoor – selfs gesê dit kan nie, by verskillende geleenthede God se teenwoordigheid beleef het.
7. Ek voel die Here nou by my. Ek is baie meer vrymoedig om met ander oor gevoel te praat. Ek het geleer om nie ander se geloof te evalueer nie – die Here weet wat is sy doel met elkeen. Ek sien my doel op aarde en is baie gelukkig.
8. Ek het vertrou in medegelowiges, en erkenning vir die werk van die Here in my lewe.
9. Ek beleef ware gemeenskap van gelowiges.
10. As gevolg van wat ek sielkundig van myself geleer het, kon ek myself openbaar en so eers werklik in my lewe “kontak” met die Here maak. Ek voel vrede, rustigheid en baie gelukkig.
11. Dit was baie verrykend en ek het baie beter insig oor baie sake wat op die oomblik vir my baie naby aan die hart lê.
12. My mensbeskouing – kom ek nou agter – het drasties verander (dit voel in elk geval so), maar ek is daaroor ook bly. Ek begin die goeie in mense en myself raaksien en dit voel vir my of saamleef daarmee sommer baie makliker word. Ek voel die Heilige Gees maak my nou wesenlik goed, waar ek vroeër net nie kon loskom uit die ding dat ek bly skuldig voel het nie. Dis ongelooflik lekker. Ek het rus en vrede! Die Heilige Gees was hier – in my – aan die werk. Dankie.
13. Snaaks genoeg – die invoeling met myself is wat God vir ons sê – dit is wat God van ons verwag, juis vanweë sy liefde en genade. Dit het ek opnuut weer besef, asook die ervaring van God in my lewe, deur die Heilige Gees in my en in my lewe.
14. Ek ervaar 'n definitiewe verdieping in terme van my belewing van God sowel as 'n intense begeerte om hierdie belewing aan ander oor te dra.

15. Ek ervaar 'n nuwe en vars verstaan van God, myself en ander mense rondom my, 'n verdieping in verhouding met God, self en ander, begrip en belewing van God se ontsaglike liefde en nuwe stimulus om met vreugde en sonder vrees te kan liefhê.
16. Ek het beleef dat ek vir 'n lang tyd besig was met formalisme in my geloofbeoefening (al het ek geglo dat dit nie so is nie.) Skuldgevoelens teenoor God en van daaruit teenoor my naaste, het ontstaan en my be-angs gemaak. Maar nou is dit heerlik! Baie dankie vir hierdie insigte.
17. God aanvaar my ten spyte van my foute en ten spyte van my gevoelens wat negatief mag wees. God het my lief omdat hy my lief wil hê en nie op grond van wat ek is of nie is nie. Ek dank God dat Hy jou gebruik het om myself te leer ken. Ek het gegroei.
18. Ek het 'n ontmoeting met die lewendige God beleef. Ek het gegroei.
19. Ek het myself in my verhouding met God baie beter leer ken. Wat ook al, God is met my, Hy sal my bystaan – ek moet net vertrou!
20. Ek het beleef dat emosies die wonderwêreld is wat God geskep het waarin ek Hom en Sy teenwoordigheid kan en mag beleef en waardeur ek ook ander die voorreg kan gee om God te beleef.
21. Godsdienstig was daar groei maar ook frustrasies. As geheel was dit baie positief.
22. As ek oneerlik is met myself, is ek inderdaad ook oneerlik met God. Dit vorm 'n blokkasie in my verhouding tot God, en my vrymoedigheid en openheid tot Hom verdwyn. Die ontdekking hiervan het die afgelope week vir my “nuwe deure” tot God ge-open. Die belydenis hiervan het vir my 'n groter vrymoedigheid tot Hom gegee. Ek beleef my gebed weer as geleentheid wat ek in kontak met Hom kom; en my Bybellees as 'n geleentheid waar Hy met my praat. Baie dankie.
23. Ek het besef dat die manier wat ek my geloof beleef is “OK” solank my belewenisse eg is. Ek hoef nie iets spesiaals te beleef om my geloof te bevestig nie – dit wat ek beleef is reg met God. Dit het my baie vrede gegee, asook 'n geloofsverdieping.
24. Ek het baie naby aan die Here gekom – in ons verhouding het ek baie warmte ervaar.
25. God het my werklik lief net soos ek is. God gee aan my die vermoë om beduidend nader aan die beeld van Jesus Christus te kom. Ek kan ander aanvaar en liefhê sonder werklike voorwaardes (ek kry dit reg!). God is in my en rondom my (in ander teenwoordig, aan die werk, sigbaar en beleefbaar.